NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

06 September 2019
Nr 28/2019

Warm nuus

Algemene Sinode: 6-11 Oktober 2019 - Agenda

- **Agendas**: Lees dit aanlyn by http://ngkerk.net/sinode2019/. Gedrukte kopieë kan @ R230 + posgeld bestel word. Kontak Hermien nie later nie as ***11 September*** by 012 440 6525.
- **Laat jou stem hoor!** Daar word gevra dat **gemeentes** besin oor ses sake: die eksterne en die interne uitdagings wat die kerk raak, die roeping en die bediening van die kerk, die toekomstige teologiese rigting, en die struktuur van die NG Kerk. Daar verskyn weeklikse vraelyste op Kerkbode se webblad, maar terugvoer en gedagtes kan ook gestuur word aan beplanning@ngkerk.net.

Noordelike Sinode beplan om tydens die *Lentekonferensie* 'n **gespreksgeleentheid oor die agenda** te hou. Dit sal op Dinsdag ***17 September*** (17:00 – 18:00) in Karoolsie by Universiteitsoord plaasvind. Alle persone uit ons sinodale gebied is welkom dit by te woon. Afgevaardigdes word egter aangemoedig om spesiaal moeite te doen om wel teenwoordig te wees.

Excelsus: Alle belangstellendes is welkom by die volgende optrede tydens die Lentekonferensie:

How we remember, how we forget to live imaginitively
Prof Thuli Madonsela - Voormalige Openbare Beskermer, tans professor in Sosiale Geregtigheid by die Universiteit van Stellenbosch.
Wanneer: Dinsdag ***17 September 2019*** (8:30-11:30)
Waar: NG Kerk Universiteitsoord, Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria
Koste: R100-00 (verversings ingesluit)
RSVP: Vrydag *13 September* (excelsus@up.ac.za / 012 420 6738)

Weskoppies Kersprojek

Vriende van Weskoppies voorsien elke jaar aan die pasiënte (ongeveer 650) wat op Kersdag in die hospitaal is 'n Kerspakkie. Ons verneem graag of daar dalk **gemeentes** is wat ons kan ondersteun met die pakkie.

- *Die inhoud van die pakkie is die volgende*: 1 x 300ml botteltjie Oros; 1 x 42g Pringles; 1 x 125g Toppers koekies; 1 x 50g Simba grondboontjies en rosyne.
- Bogenoemde pakkie kos ongeveer R30,00. Gemeentes wat wil, kan ons ook finansieel ondersteun. Ter wille van "goeie onderlinge verhoudinge" is dit belangrik dat al die pasiënte dieselfde pakkie ontvang wat inhoud en grootte van items aanbetref!
- Met die oog op die verpakking van die geskenke, sal ons dit waardeer indien ons items\bydraes voor of op ***1 November*** kan ontvang.

Navrae: Gemeentes is welkom om ons te kontak by selno. 082 4757 944 of e-pos: pwdewet@live.com

Sinodenuus

❖ Bybellees met 'n verskil

Die volgende **byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
***10 September*: Lukas 15:1-10;**
17 September: Lukas 16:1-13;
24 September: Lukas 16:19-31.
Navrae: Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Skoolverwisselingskamp: Graad 7's kom maak gereed vir hoërskool!

Datum: ***23-27 September*** by **Badseloop** (naby Naboomspruit)
Kampleier: Ds Jacques Erasmus [072 653 9845]
Navrae: Anita Hurn [015-491 3537 of admin@ngpottiessuid.org.za]
[**Kliek hier vir al die nodige inligting en inskrywingsvorms**…]

❖ DinkJeugNoord: Tweak + - **Dagboek** solank die datum *3 Februarie 2020 !!!*

❖ Excelsus kursusse: 3de Kwartaal - [Lees die jaarprogram vir die 3de kwartaal **hier**]

September

Uitnodiging na openbare lesing

The Vice-Chancellor and Principal, *Professor Tawana Kupe* invites you to a public lecture of the ***Rector, Professor Thomas Römer of the Collège de France***, a world-renowned Theologian and Old Testament scholar.
The title of the presentation: Is the Bible dangerous…?
Date: Tuesday, ***10 September 2019***
Programme
17:00 – 17:30 Registration and light refreshments
17:30 – 19:00 Lecture
Venue: Senate Hall, Hatfield Campus, University of Pretoria
Dress: Business attire
Enquiries: Karen Esbagh by karen.esbagh@up.ac.za
RSVP: Click here by *4 September* to accept - Booking is essential. [Lees hier meer…]

Lentekonferensie - *17 – 19 September*

Tema: Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.
Hoofsprekers: Prof Thuli Madonsela; Prof Christi van der Westhuizen; Mnr Gielie Hoffmann
* NG Kerk Universiteitsoord en Nagraadse Sentrum, Universiteit van Pretoria
* 30 VBO-punte
* **Besoek** http://www.excelsus.org.za vir al die inligting!

Kolleganuus

❖ Baie geluk…

Heinrich en Willani Stapelberg [Florauna] met die geboorte van hulle seuntjie, **Streicher**.
Willie Korb (Moregloed) en **Elandri Carelson** wat op *7 September* in die huwelik tree.

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

14/09 Nic Ackermann [Emeritus, 083 527 9285, ncackermann@telkomsa.net]
15/09 Otto Clasen [Warmbad, 071 886 1466, otto@ngwarmbad.co.za]
****
15/09 Hannelie Clasen [Warmbad, 014-736 2439, otto@ngwarmbad.co.za]
Martie Pelser [Roedtan, 015-065 050, dswillem@ngroedtan.co.za]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae**: *Baie geluk!*
  Soutpansberg [Gestig 11/09/1954]
  Krokodilrivier [Gestig 16/09/1914]

- **Pretoria** (Middestad): **Hulp met die "Ichtus" voedingsprogram**
  Dié gemeente benodig dringend hulp met hul "Ichtus" voedingsprogram. Hulle deel twee weekliks 18 voedselpakkies uit aan behoeftige mense in hul omgewing. Die "Ichtus" projek word die afgelope twee en half jaar uit die gemeentefondse gefinansier. Dit gaan egter baie moeilik om daarmee vol te hou. Daarom doen hulle 'n beroep op enige gemeente of persoon wat wil help met donasies, finansieël of andersins blikkies kos of droë produkte.
  - **Hier is 'n lys van produkte wat in die pakkies gepak word**: *Ertjies, mieliemeel 2.5kg, boontjies in tamatiesous, pasta 500g, gemengde groente, rys 500g, Pilchards in Tamatiesous, Imama Soup (Rich Oxtail), viennas, teesakkies (26 sakkies), tamatie en uie mengsel, soya maalvleis, spaghetti en frikadelle, sout, suiker mielies, stampmielies 1 kg, suiker 1kg.*
  - **Kontak nommer vir aflewering**: Kerkkantoor 012 3441860
  - **Bankbesonderhede**: Pretoria NG Gemeente, ABSA: 610580122, Tak: 632 005

- **Universiteitsoord**: ***Studente-uitreik***

  Tshipise uitreik 2019
  Gedurende die wintervakansie was daar 'n groep van 25 studente en dominee Fritz Snyman en sy gesin op die Tshipise-uitreik. Ons was geseën met die mooiste groep mense, elkeen was gereed om te dien en elke dag 'n glimlag op ander se gesigte te sit. [Lees **hier** verder…]

- **Capital Park-Concordia** – **Dit is weer tyd vir basaar!**
  Datum: ***14 September*** vanaf 07h30
  Plek: NG Gemeente Capital Park-Concordia kerkgronde Kom geniet dit saam met ons.

- **Rietfontein-Suid**: **Karnaval en Mini-krieket**
  Datum: ***14 September*** - 08:00- 13:00
  Waar: Sportgronde van Rietondale High School (Hendrik Verwoerd Hoërskool), Pierneefstraat, Deerness.
  Kom geniet ons Karnaval en Mini-Krieket met heerlike eetgoed soos pannekoek, tee/koffie en koek, worsbroodjies, jaffels, chipsticks, ondersteun ons Wit Olifanttafel (allerlei bruikbare arikels teen weggee pryse).
  Almal welkom!

- **Onderstepoort**: **75ste verjaarsdagviering**
  Wanneer: ***4 tot 6 Oktober 2019***
  Waar: Eeufeesstraat 377, Pretoria Noord, 0182
  4 Okt – R130.00 of R120.00 - Steve Hofmeyer sing om 18h30
  5 Okt – Gratis - Markdag met baie stalletjies begin 08h00
  6 Okt – Gratis - Dankseggings Nagmaal om 09h00. **Kontak** no: 012 546 6046 kantoorure 09h00 tot 13h00.

Ander nuus

- **SAKOV (Pretoria-streek)**: **Uitnodiging**
  Datum: DV Saterdag ***7 September 2019***
  Tyd: Registrasie vanaf 07:30. Ons begin om 08:30 en verdaag teen 13:00
  Plek: NG Overkruin, Kameeldoringlaan 65, Wonderboom
  [Lees hier verder…]

- **Heartlines**: **Pastors' building bridges - Reconciliation workshop >>>**
  Date*: 2 Oktober* [10:00-15:00] - *Corporate worship*: 09:15-10:00
  Venue: Lewende Woord Brummeria
  Online registration is essential - Link available from fraternal leader
  Whatsapp – 083 293 0655

R30.00 donation to assist with the cost of food.

❖ LiG-Lesersdag in Pretoria!

LiG se jaarlikse Lesersdag vind op ***19 Oktober 2019*** by **Moreletapark** gemeente plaas. Daar is nog so 120 kaartjies wat hulle graag voor middel September wil verkoop.
LiG wil graag gemeentes aanspoor om kaartjies (@ R390) te koop en die oggend by te woon.
Gemeentes kan ook 'n paar vrouens identifiseer wat as *gasvrouens* kan optree. Die gasvrouens het geen ander funksie as om net nog 9 mense vir 'n tafel bymekaar te kry nie. En om dankie te se ontvang hulle dan die 10 de kaartjie gratis om die oggend by te woon.
Dit beloof om 'n ongelooflike oggend te wees wat hulle nie moet misloop nie.
Kontak asseblief vir *Amanda van der Westhuizen* indien julle meer inligting nodig het: (amanda@bmedia.co.za of 082 568 2768). Enkel kaartjie aankope vind op Tixsa se webtuiste plaas by www.tixsa.co.za

❖ Hulp vir Mosambiek

Na die verwoesting van Sikloon Idai, is Projek **"Nova Vida**", vertaal as "Nuwe Lewe", die naam van die oorbrug-gingsprojek wat die verligting en die herbou-pogings tussen gemeentes in Suid-Afrika en die Igreja Reformada-kerk in Mosambiek koördineer. Die doel van die projek is om die onmiddellike behoefte aan oorlewing en hoop in die plaaslike gemeenskappe aan te spreek endie hulpbronne wat benodig word vir volhoubare en onafhanklike hulpverleningspraktyke vir die toekoms.

Die projek fokus op vier hoofareas, wat almal ondersteun word deur 'n doeltreffende projekadministrasie-span om rentmeesterskap en deursigtigheid te verseker. Die volgende behoeftes is direk genoodsaak uit hierdie vier Fokusse:

- Enige kontant donasies vir Kos en Saad wat nou prioriteit is.
- Aanneem families vir die herbou van nog 2 Kerke teen R120 000 elk.
- Aanneem families vir nog 12 Gebedshuise teen R30 000 elk
- Enige donasies vir Bybels in Portugees, Ndau of Sena.

Verdere navrae kan gerig word aan Ilse by mozam@ksm.co.za of 012 663 2003.
Niva Vida Video: https://youtu.be/Ot3hDKCIKAc
Webwerf: https://novavida.ksm.co.za/

Bankbesonderhede is soos volg:
IGREJA REFORMADA EM MOCAMBIQUE
Account number: 032891776
Branch code: 051001 (Standard Bank)
Ref. Nova Vida (pastor@vivamaputo.org)

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media:

Inligting, navrae en diensverskaffing: Skakel 0860 26 33 42 of 021 864 8210 of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za. Besoek ook die webtuiste: www.bybelmedia.org.za.

Christelike Lektuurfonds: Brûe vir gemeentes na God se toekoms – bekendstelling by Algemene Sinode in Oktober

– Lees hiermee 'n kort skrywe oor CLF se publikasie **Brûe vir gemeentes na God se toekoms** wat tydens die NG Kerk se Algemene Sinode in Oktober bekend gestel gaan word.
[Lees hier verder...]
Kontak: order@clf.co.za of 021 873 6964.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Geweld teen vroue en kinders.
- Politieke oproer.
- Leprosedag [Melaatse] 08 September.

Vakatures

- **Krokodilrivier**: **Vakature – Kontrak mede-leraarspos**
  Die gemeente wag aansoeke in vir ‘n kontrak mede–leraarspos wat alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie. *Studente wat pas hulle studies voltooi het en nog hulle praktiese gemeentejaar moet doen, is ook welkom om aansoek te doen.*
  Aansoeke sluit om 13h00 op *13 September* en diensaanvaarding is DV ***2 Januarie 2020***.
  Navrae: Santie Uys (Kerkkantoor) 012 252 252 6021 / Francois Hanekom (Voorsitter Kerkraad) 082 851 7894.
  [Lees hier meer…]

Proponente en ander beskikbares

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  - **Gelegitimeerde proponente 2018**
    Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
    Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
    Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
    Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
    Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]
- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
  Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
  Martin Lazenby *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
  Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
  Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
  Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
  André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
  Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

BYLAES

Universiteitsoord: *Studente-uitreik*
Tshipise uitreik 2019

Gedurende die wintervakansie was daar ‘n groep van 25 studente en dominee Fritz Snyman en sy gesin op die Tshipise-uitreik. Ons was geseën met die mooiste groep mense, elkeen was gereed om te dien en elke dag ‘n glimlag op ander se gesigte te sit

Soggens het ons lekker vroeg opgestaan om die dag met ‘n stiltetydsessie te begin. Tshipise is wel ‘n uitreik, ‘but you cannot pour from an empty cup.’ Daarom is dit vir ons belangrik dat daar ook tyd gemaak word vir inreik.

Nadat almal lekker ontbyt geëet het, was dit tyd vir die narre en feëtjies om van droomland af te kom, gesigverf is altyd pret maak nie saak of jy 1; 21 of 81 is nie. Poppekas; kreatiewe sessies en dan sportsessies in die middae is van die vele aktiwiteite waarmee ons die kinders vermaak het. Daar is iets spesiaal daaraan om ‘n kind uit sy maag uit te laat lag.

Saans was daar gesinsaktiwiteite van talentaand tot vasvra; ‘n fliekaand en natuurlik ook ‘n sokkie. Ons uitreikers het ook tydens die aande hulle vernuf kom wys en die Tshipisers bietjie met gesonde kompetisie bederf. Die hoogtepunt was beslis karavaan-besoek. Tydens die besoek gaan kuier die uitreikers by ‘n groep genaamd “die swaeltjies”: kampers wat die wêreld sien deur met hulle karavane te toer. Daar was soveel mooi stories gedeel en die uitreikers kan beslis sê die raad en lewenservaring is iets wat na aan ons harte gekoester sal word.

Tshipise was voorwaar ‘n ongelooflike seën en ervaring, dit was die grootste voorreg om vir die groep vriende so lief te word soos familie. Maar bovenal was ons daar om die Woord met almal te deel – wat ‘n voorreg.

Terug

Excelsus: Uitnodiging na openbare lesing

The Vice-Chancellor and Principal, *Professor Tawana Kupe* invites you to a public lecture of the ***Rector, Professor Thomas Römer of the Collège de France*** a world-renowned Theologian and Old Testament scholar.

The title of the presentation: Is the Bible dangerous…?

Date	Tuesday, ***10 September 2019***
Programme	17:00 – 17:30 Registration and light refreshments 17:30 – 19:00 Lecture
Venue	Senate Hall, Hatfield Campus, University of Pretoria
Dress	Business attire
Enquiries	Karen Esbagh by karen.esbagh@up.ac.za
RSVP	Click here by *4 September* to accept - Booking is essential.

The Collège de France, founded in 1530, is a higher education and research establishment in France. It is located in Paris, in the Latin Quarter, across the street from the historical campus of La Sorbonne. The Collège is considered to be France's most prestigious research establishment. As of 2017, 21 Nobel Prize winners and 8 Fields Medalists have been affiliated with the Collège. The Collège is a world renowned and leading research university in France and comprises fifty-two Professors, elected by the Professors themselves from among Francophone scholars in subjects including mathematics, physics, chemistry, biology, history, archaeology, linguistics, oriental studies, philosophy, the social sciences and other fields.
Since 1984 Prof Römer teaches Hebrew, Ugaritic, Hebrew Bible (BA, MA, Doctoral level), in the Universities of Geneva, Lausanne, EPFL, Collège de France and many other Institutions. He has been extraordinary professor in Old Testament Studies at the University of Pretoria since 2013.
In 2015 he received a doctorate honoris causa of the University of Tel Aviv and is Prix culturel of the Fondation Leenaards (Lausanne). He was elected as « Académicien » at the Académie des Inscriptions et Belles Lettres, Paris in 2016. In 2019 he was honored by the French president Macron the “Chevalier de l’Ordre de la Légion d’honneur”. He was appointed as ‘President’ of the Collège de France since September 2019.

Terug

CLF
Brûe vir gemeentes na God se toekoms
Bekendstelling tydens die Algemene Sinode in Oktober 2019

Brûe vir gemeentes na God se toekoms - Die oorgangsituasie, waar 'n predikant die gemeente verlaat, bied 'n wonderlike geleentheid vir nadenke en nuwe energie. As hierdie geleentheid kundig benut kan word, maak dit mooi moontlikhede oop vir die gemeente se voortgaande koninkrykswerk en ruimte vir heroriëntering ten einde ook te vra na die bestaansdoel van die gemeente.
Alhoewel die brugbediening nog nie baie algemeen is nie, is dit ook nie 'n nuutjie nie. Daar is al talle gemeentes (nie net hier nie, maar ook elders in die wêreld) wat met vrug hiervan gebruik gemaak het.
Brugpredikante kom nie met 'n vooraf uitgewerkte plan wat aan gemeentes voorgeskryf word nie. Wel soek hulle saam met die gemeenteleiers na die mees geskikte brug vir die bepaalde gemeente.
Brûe vir gemeentes na God se toekoms is 'n tydige en praktiese gidsboek vir gemeentes wat voor 'n oorgangstyd staan of reeds 'n oorgang beleef.

- Die aanpak van die Gidsboek is ekumenies gedoen. Die skrywers is afkomstig uit 5 denominasies:
- Al die skrywers is opgeleide brugpredikante, behalwe twee, hoewel hulle die brugbediening-opset goed ken. Meer as die helfte van die skrywers (10) het al as brugpredikant in 'n gemeente opgetree, dws ken die praktyk. Anton Doyer en Bennie Brink het reeds elkeen in 4/5 gemeentes as brugpredikante diens gelewer. Dus ryke ervaring!
- Mens kan sê dat die Gidsboek die neerslag van die teorie en praktyk van die brugbediening in Suid-Afrika is. Sedert 2014 is gepoog om die Interim Ministry in Suidelike Afrika (o.a. ook Namibië) te implementeer.
- Daar is in die Gidsboek ruimte gemaak vir diversiteit, vgl bv die keuse van die beroeping of benoeming van die brugleraar.

Brûe vir gemeentes na God se toekoms word by die NG Kerk se Algemene Sinode in Oktober bekendgestel.

Terug

NG Gemeente Krokodilrivier, Brits
Stel hiermee bekend: 'n Kontrak-medeleraar vakature.

Die gemeente Krokodilrivier is 'n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorpsgrense. Die ekonomie van die dorp is opgemaak uit industrië, mynbou en landbou. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar twee groot hoërskole en verskeie laerskole. Die gemeente bestaan uit 629 besoekpunte wat in twee blokke van ongeveer 315 besoekpunte per leraar verdeel is. Daar is 1129 belydende lidmate en 245 doop lidmate opgeneem in die gemeenteregister.

Die NG Gemeente Krokodilrivier wag aansoeke in vir 'n kontrak mede – leraarspos wat alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie.

Leraarsprofiel:
Die gemeente van Krokodilrivier het 'n behoefte aan 'n leraar van die NG Kerk:

- wat 'n toegewyde kind van die Here is en hom/haarself geroepe voel om die Here in hierdie gemeente te dien,
- met die persoonlikheid en gawes om te identifiseer en te werk met die jonger geslag van ons lidmate, hulle te inspireer, mobiliseer en toe te rus.
- Die klem sal verder val op missionale en evangelisasie gerigtheid,
- met 'n passie vir verantwoordelike vernuwing,
- wat as 'n spanwerker gemaklik is met die verskillende bedieningstyle.
- 'n Teologies-verantwoordbare en dinamiese prediker.

Studente wat pas hulle studies voltooi het en nog hulle praktiese gemeentejaar moet doen, is ook welkom om aansoek te doen.

Verantwoordelikhede:
- Die uitbou van die bediening aan alle lidmate met klem op jong mense (voorskool tot naskool).
- Die ontwerp en implimentering van volhoubare strukture en prosesse waarbinne die jeugbediening / jeuggerigte byeenkomste kan plaasvind en uitgebrei kan word.
- Die ontwikkeling van 'n missionale kultuur in die gemeente en in besonder onder die jeug asook opleiding te verskaf rakende gesins- en ouerskapvaardighede.
- Nakom van alle ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn.

Voordele:
- Vergoeding is onderhandelbaar tot 'n maksimum van skaal 5 volgens die handleiding van die Sinodale skale.
- Reiskoste en ander toelaes word betaal.
- 'n Pastorie met betaalde munisipale dienste en 'n tuin wat deur die gemeente onderhou word, is deel van die voordele.

Aansoeke:
- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n CV nie langer nie as drie A4 bladsye en moet vier verwysings insluit waarvan ten minste twee gemeente - of kerkraadslede moet wees.
- Die beskikbaarstelling van 'n digitale opname van 'n onlangse preek tydens 'n erediens ooreenkomstig die boge-noemde posbeskrywing - slegs indien u daarvoor gevra word.
- 'n Onlangse foto en/of familiefoto asook 'n afskrif van die ID.
- Dien alle aansoeke in deur 'n toepaslike e-pos te stuur aan: kantoor@ngkrokodilrivier.co.za.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en 'n preekbeurt gedurende Oktober/November 2019 soos met die applikant gereël sal word.
- Psigometriese toetse kan moontlik aangevra word.

Aansoeke sluit om 13h00 op *13 September 2019* en diensaanvaarding is DV ***2 Januarie 2020***.

Navrae:
Santie Uys (Kerkkantoor) 012 252 252 6021
Francois Hanekom (Voorsitter Kerkraad) 082 851 7894

Terug

SAKOV (Pretoria-streek):

Uitnodiging

Gerig aan: Aller leraars, orreliste,

Gerig aan: Alle leraars, orreliste
Datum: DV Saterdag ***7 September 2019***
Tyd: Registrasie vanaf 07:30. Ons begin om 08:30 en verdaag teen 13:00
Plek: NG Overkruin, Kameeldoringlaan 65, Wonderboom
Koste: R120 per persoon
Program: Verskillende sprekers en orreliste tree by vanjaar se program op:
- *Theo van Wyk* – Professor aan die Universiteit van Pretoria se "School of Arts", sekretaris van SAKOV en orrelis by die Nuwe Apostoliese kerk.
- *Dr Gerrit Jordaan* – Ondervoorsitter van SAKOV, dienend op die werkgroep vir VONKK-liedere en orrelis by die NG Moedergemeente George.
- *Ds Thinus van Staden* – Leraar van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Montana. Hy is ook deel van die VONKK-taakspan vanuit die Hervormde kerk.
- *Gideon Brits* – Pretoria Streekverteenwoordiger en orrelis van NG Overkkruin. Word die Psalms nog in ons kerke gesing? 'n Paar voorstelle en oplossings word demonstreer.
- Koraalvoorspele en samesang word deur verskillende orreliste op die Roeleveld-orrel uitgevoer.

Kom geniet 'n heerlike, musikale oggend wat gaan fokus om alles rakende die orrel, die musiekbediening, same-sang, liturgie en nuwe liedere in die kerk. Onthou om asseblief 'n geldjie vir musiekboeke en CD's saam te bring asook jou registrasiegeld van R120.

NB !!! Dit is baie belangrik dat u my RSVP voor of op Maandag ***2 September*** sodat ek die nodige logistieke reëlings van my kant af kan tref rakende fotostate, lêers en verversings.

Ek benodig die volgende inligting:

Naam en Van	
Orrelis / Musiekleier / Leraar / Aflos / Ander	
Gemeente NG, Herv, Geref, APK, Ander	
Aantal persone wat die kursus gaan bywoon	

Stuur asseblief hierdie inligting spoedig aan my by:

E-pos adres	gideon.brits@up.ac.za
SMS of WhatsApp	082 795 1911

Betalings kan die dag tydens registrasie betaal word.

Groete en seënwense

Gideon Brits
SAKOV streekverteenwoordiger

Terug